**SAOU** **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

# SPLINTERNUUS

25 Junie 2015 No: 16 van 2015

## OMSKAKELINGS

Skoolhoofde word herinner dat die indiening van aansoeke vir die omskakeling van tydelike na permanente aanstellings op **Vrydag, 26 Junie 2015** sluit.

Indien daar onderwysers is wat voorheen bedank/op pensioen/op vroeë pensioen gegaan het om ander geldige redes as om hul pensioenvoordele uit die pensioenfonds te onttrek, moet skoolhoofde wel via beheerliggame 'n aansoek met 'n motivering indien. DIE departement het onderneem om sulke gevalle op meriete te hanteer. Hierdie stap waarborg nie aanstelling nie, maar verseker darem dat sodanige onderwysers se aansoeke oorweeg word.

Indien die betrokke aansoeke steeds nie suksesvol is nie, beveel die SAOU aan dat skoolhoofde die appèlprosedure, soos in paragraaf 6 van die omsendbrief uiteengesit is, volg.

## BEMAGTIGING: KEN JOU KORREKTE ROETES

Lede wil dikwels weet wat hulle te doen staan as hulle reken hul skoolhoof of 'n departementele amptenaar onbillik was of 'n leerder het hulle beledig ens. Tydens hierdie bemagtigingsessie sal adv. Kinny Labuschagne van die Regsafdeling van die SAOU vir lede inligting verskaf oor watter roetes vir hulle beskikbaar is.

Lede kan nou reeds registreer vir die volgende bemagtigingsessies wat die SAOU gaan aanbied. **Tot dusver het slegs 4 lede geregistreer! Ons sal vroeg in die derde kwartaal moet besluit of die bemagtiging sal voortgaan.**

Die inhoud van hierdie bemagtigingsgeleentheid sluit onder meer die volgende aspekte in:

- Korrekte roetes van rapportering van leerders wat mishandel word.
- Korrekte roetes of stappe om te neem as ongewenste materiaal elektronies ontvang word of op die skool of individuele lid se FB verskyn.
- Korrekte griewe- en dispuutroetes
- *Intimidation, victimisation and harassment*
- *Know your rights.*
- *Pitfalls.*
- *Other relevant issues*.

Die koste verbonde aan die bemagtiging is soos volg: **Lede = R50.00 per**

**persoon en Nie-Lede = R90.00 per persoon.** (Let wel: R25 van die inskrywingsgeld van elke persoon word aan die gasheerskool oorbetaal om hulle koste te dek.)

***All SAOU empowerment registrations are now done online.*** *In the following table you will find a link where you can "click" and be taken to the registration form. If you physically received a copy of the newsletter please go to the SAOU website and register on the date of empowerment among the 2015 presentations. If you experience any problems in this regard, please contact the Provincial Office (mrs. Ursula van der Merwe) for assistance.*

*Refreshments (tea/coffee and sandwiches) will be available from 13:45 until 14:15. The empowerment session will start at 14:15.*

*Teachers that have already signed up for CPTD and who are in their 3 year cycle, can earn CPTD points.*

Die besonderhede van die verskillende aanbiedings is soos volg:

| DATUM | VENUE | KLIEK OP SKAKEL VIR INSKRYWINGSVORM |
|---|---|---|
| **3 AUGUSTUS** | **KIMBERLEY,** Hoërskool Noord-Kaap | http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=95 Sluitingsdatum: 29 Julie 2015 |
| **4 AUGUSTUS** | **CALVINIA.** Laerskool Calvinia | http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=96 Sluitingsdatum: 29 Julie 2015 |
| **5 AUGUSTUS** | **SPRINGBOK** Hoërskool Namakwaland | http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=97 Sluitingsdatum: 29 Julie 2015 |
| **6 AUGUSTUS** | **UPINGTON** Voorbereidingskool Fanie Malan | http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=98 Sluitingsdatum: 29 Julie 2015 |

Na aanleiding van SARO se nuwe voorskrifte, word alle vakbondaktiwiteite as 'n Tipe 3-aktiwiteit beskou.

U sal dus tydens die bemagtigings 'n SARO-teenwoordigheidsregister moet teken. Die SAOU (Noord-Kaap) sal hierdie teenwoordigheidsregister vooraf voltooi met die inligting wat u tydens registrasie verskaf. Die SARO-register sal vir interne doeleindes ook as teenwoordigheidsregister gebruik word sodat dit nie nodig is om twee registers te voltooi nie.

**LET WEL: VIR DIE SARO-REGISTER IS U LIDMAATSKAPNOMMER BY SARO (SACE) VERPLIGTEND. ONTHOU ASSEBLIEF OM DIT SAAM TE BRING.**

Die SAOU sal self die registers aan SARO stuur en hulle sal die nodige inskrywings op u portefeulje doen. U hoef dus nie die punte te "eis" nie.

**LANGDIENSERKENNING VIR OPVOEDERS: PSCBC RESOLUSIE 1/2012**

Lede moet die volgende ingedagte hou:

- Indien ‘n lid voor 1 Augustus 2012 ‘n bepaalde mylpaal bereik het, kwalifiseer hy/sy vir die erkenning wat toe gegeld het. Voorbeeld: Lid het op 30 Junie 2012 aaneenlopende diens van 20 jaar voltooi, kan hy/sy aanspraak maak op die verdiskontering van 10 dae opgehoopte verlof (“capped leave”) indien die lid soveel opgehoopte verlofdae het.
- Die verlof word verdiskonteer teen die salaris van die lid in daardie stadium. In bg. voorbeeld sal dit wees teen die salaris wat die lid op 30 Junie 2012 verdien het.
- Die verdiskontering van verlof word nie aanbeveel nie.
- Indien ‘n lid na 1 Augustus 2012 ‘n bepaalde mylpaal bereik, kwalifiseer hy/sy vir die erkenning soos hieronder uiteengesit. Voorbeeld: Lid het op 31 Desember 2012 aaneenlopende diens van 20 jaar voltooi, kan hy/sy aanspraak maak op die bedrag van R7 500 voor aftrekkings.
- Die NKOD reik in hierdie stadium nie sertifikate uit nie.
- Lede moet aansoek doen vir die erkenning. Dit word nie outomaties betaal nie.
- Die berdrag verhoog elke jaar met die VPI van die vorige jaar.

| **BELEID VOOR 1 AUGUSTUS 2012** | **BELEID VANAF 1 AUGUSTUS 2012** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **2012** | **1 April 2013** | **1 April 2014** | **1 April 2015** |
| **20 JAAR DIENS:**<br>• Verdiskonteer 10 dae opgehoopte verlof<br>• Sertifikaat | **20 JAAR DIENS:**<br>• Kontant-bedrag voor aftrekkings<br>• Sertifkaat | **R7 500** | **R7 920** | **R8 371** | **R8 882** |
| **30 JAAR DIENS:**<br>• Verdiskonteer 15 dae opgehoopte verlof<br>• Kwalifiseer vir kontantbedrag (bedrag is jaarliks aangepas)<br>• Sertifikaat | **30 JAAR DIENS:**<br>• Kontant-bedrag voor aftrekkings<br>• Sertifikaat | **R15 000** | **R15 840** | **R16 743** | **R17 764-50** |
| **40 JAAR DIENS:**<br>• Geen erkenning | **40 JAAR DIENS:**<br>• Kontant-bedrag voor aftrekkings<br>• Sertifikaat | **R20 000** | **R21 120** | **R22 324** | **R23 686** |

***LONG SERVICE AWARD: PUBLIC SERVANTS AND OFFICE-BASED EDUCATORS***

***Employees with 10 year service***
*A certificate and an increased annual leave entitlement as regulated in "Determination and Directive on Leave of Absence".*

***Employees with 20, 30 or 40 year service – as above***

*SAOU APP*

*For instructions to download the SAOU App, click on the following link and follow the instructions:*
http://www.saou.co.za/saou-application-app/.

**JUNIE-VAKANSIE**

Ons wens al ons lede 'n aangename vakansie toe. Ons vertrou dat u die rustyd sal geniet sodat u weer die laaste helfte van 2015 met nuwe krag sal aanpak. Baie lede gaan op reis en baie vergesel ook sportspanne op toere en na die verskillende toernooie. Ons wens u sterkte en ook 'n veilige reis toe.

**EVALUEER DIE KWALITEIT VAN SAOU (NOORD-KAAP) SE DIENSLEWERING/** ***EVALUATE THE QUALITY OF SERVICE DELIVERY OF THE SAOU (NORHERN CAPE)***
*Click here*/Kliek hier: http://emailmanager.co.za/saou/2015-04-14-Questionnaire/questionnaire.asp

**WAT IS U KEUSE/*WHAT IS YOUR CHOICE***

SAOU dagboek (A5) **of** word 'n lid van 'n groot koöperatiewe koopskema plus SAOU lessenaarkalender / *SAOU diary (A5)* ***or*** *become a member of a large co-operative buying scheme plus an SAOU deskpad.* Kliek hier om u keuse uit te oefen: http://emailmanager.co.za/SAOU/SAOU-diary-or-big-co-operative-buying-scheme/form.html